Die Koffiebekerdroom - GELOOFSREIS

SONDAG

Lees: Genesis 28:10 - 22

Doen: Luister/kyk die week se preek saam met vriende/gesin/groep.

Gesels:

- Wat het jy gehoor in die week se preek en teksgedeelte?
- As jy Jakob was hoe sou jy oor die droom gevoel het?
- Hoe het die plek waar hy oornag het vir Jakob verander?
- Waar het jy al in jou lewe sulke plekke/oomblikke beleef?
- Lees vers 15. Wat beteken hierdie belofte vir jou hier in 2020?
- Hoe sluit die verhaal aan by God se 2020 visie?

Doen weer:

Maak 'n beker koffie en vertel vir mekaar die storie...:

- Lee beker - Jakob
- Koffiepoeier - Plek se grond en die klip
- Teelepel - Leer in Jakob se droom
- Water - God wat tot by Jakob kom
- Suiker&Melk - God se belofte aan Jakob.

Herinner mekaar gereel die week aan hierdie storie - elke keer as julle koffie/tee maak.

MAANDAG

Lees: Genesis 28:10 - 15

Gesels:

- In vers 13 lees ons seker een van die wonderlikste verse in die Bybel - God kom staan BY Jakob. Wat beteken dit vir jou vandag om te weet hier aan die begin van die week is God nie ver nie, maar BY jou?
- Dink jy Jakob verdien hierdie mooi belofte na alles wat hy gedoen het? Hoekom/hoekom nie? (Lees vir agtergrond Genesis 27.)

- **Doen:**

Skryf/tik vers 15 op 'n stukkie papier en sit dit by 'n plek waat jy dit gereeld kan raaksien.

DINSDAG
Lees: Genesis 28:12

Gesels:

- Watter drome droom jy deesdae?
- Watter drome dink jy het Jakob gehad voor hierdie besondere droom?
- Watter droom het God vir Jakob gehad?

Doen:

Maak 'n "Jacob's ladder". Jy kan op hierdie skakel baie maklike en oulike instruksies kry:

https://www.craftideas.info/html/jacobs_ladder_b.html



WOENSDAG
Lees: Genesis 28:11&16 -19

Gesels:

- Wat lees jy alles in vers 11 van die plek waar Jakob oornag?
- Waarom dink jy gebruik hy 'n klip vir 'n kopkussing?
- Hoe verander die plek en die klip na Jakob se droom?
- Jakob besoek weer Bet-El later (Genesis 35:1 - 15). Hoekom was dit vir Jakob belangrik om weer daarheen te gaan? (Let bietjie op hoe baie moeite hy met sy herbesoek doen!)
- Watter "klippe" & plekke gebruik God in jou lewe om jou te herinner aan Sy teenwoordigheid? Hoe help hierdie "klippe"/plekke jou vandag in 2020?

Doen:

Die Bybel is VOL plekke waar mense klipstapel opsit om hulle te help ONTHOU! In die plek van 'n klipstapel gaan ons vandag "Bet-El"-bekers maak om ons te help onthou.

Kry 'n ou koffiebeker (verkieslik een wat niks prentjies of so op het nie) of gaan kry 'n nuwe en (Blikbekers werk lekker!) en skryf/verf dan Genesis 28:15 se woorde wat vir jou uitstaan daarop.

Versier dit soos jy wil, maar maak dit jou "klipstapel", jou Bet-El beker wat jou elke keer as jy gaan koffie/tee drink help onthou aan die Here se sorg en teenwoordigheid in jou lewe!

DONDERDAG
Lees: Genesis 28:16

Gesels:

- Hierdie plek was sommer 'n "random" plek en Jakob het GLAD nie God verwag nie - waar/wanneer het God jou al so verbaas?

Doen:

Maak vandag iewers tyd om weer vir jouself die Koffiebeker storie te vertel in JOU "Bet-El beker".

VRYDAG
Lees: Genesis 28:20 - 23

Gesels:

- Wat dink jy van Jakob se gelofte? Was dit nodig gewees?

Doen: Skryf vir die Here 'n brief waarin jy jouself ook aan Hom wy. As jy wil kan jy bloot iewers vandag stilraak in jou tuin en 'n lied sing soos "Neem my lewe laat dit Heer"/" Doen slegs U wil Heer."

SATERDAG

Lees: Genesis 28:10 - 23

Gesels: Hoe het die stukkie jou die week gehelp om te onthou God is by jou?

Doen: Maak saam koffie/tee in julle Bet-El bekers en vertel weer die Koffiebekerdroom storie OF vertel jul eie stories vir mekaar.